No. 1203 8 June 1979

## DECLARATION OF CONTROLLED MINE AND RISK WORK

The Minister of Mines has, in terms of section 10 of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act 78 of 1973), declared the following mine to be a controlled mine, with effect from 1 August 1979:

The mine known as Ucar Chrome Company (S.A.) (Pty) Ltd, on the farms Winterveld 417 KS and Jagdlust 418 KS, situate in the Magisterial District of Lydenburg, Province of the Transvaal, which is at present being worked by Ucar Chrome Company (S.A.) (Pty) Ltd, P.O. Box 8194, Johannesburg.

The following work at the said mine has been declared risk work by the Minister, in terms of section 13 of the said Act, with effect from the same date (i.e. 1 August 1979):

1. *Excavations.*—In any underground or open working.

2. *On the surface.*—(a) Where moving, transferring or handling of stone, rock, ore or minerals takes place;

(b) where crushing, screening or classification of stone, rock, ore or minerals takes place, except where this is carried out under water;

(c) on waste dumps, piles or ore piles, other than where the waste or ore has been or is being deposited in the form of slime, including the places where such dumps or piles have already been deposited;

(d) in rock-drill sharpening shops or any other place where drills are sharpened in a building;

(e) in any change-house where persons who perform risk work change their clothing;

(f) in assay laboratories, except in separately ventilated parts thereof where only wet assays are done and no treatment of dry stone, rock, ore or minerals takes place;

(g) where samples of crushed ore are graded in a dry state; and

(h) at any rock-drilling work.

No. 1203 8 Junie 1979

## VERKLARING TOT BEHEERDE MYN EN RISIKOWERK

Die Minister van Mynwese het kragtens artikel 10 van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet 78 van 1973), die volgende myn met ingang 1 Augustus 1979 tot 'n beheerde myn verklaar:

Die myn bekend as Ucar Chrome Company (S.A.) (Pty) Ltd, op die plase Winterveld 417 KS en Jagdlust 418 KS, geleë in die landdrosdistrik Lydenburg, provinsie Transvaal, wat tans deur Ucar Chrome Company (S.A.) (Pty) Ltd, Posbus 8194, Johannesburg, ontgin word.

Die volgende werk by gemelde myn is met ingang van dieselfde datum (d.i. 1 Augustus 1979) kragtens artikel 13 van genoemde Wet deur die Minister tot risikowerk verklaar:

1. *Uitgrawings.*—In enige ondergrondse of oop delfplek.

2. *Bogronds.*—(a) Waar die verskuiwing, oorplasing of hantering van klip, rots, erts of minerale plaasvind;

(b) waar die vergruising, sif of klassifisering van klip, rots, erts of minerale plaasvind, uitgesonderd waar dit onder water geskied;

(c) op uitskothope, stapels of ertsstapels, uitgesonderd waar die uitskot of erts in die vorm van slik gestort is of word, insluitende die plekke waar sodanige hope of stapels reeds gestort is;

(d) in rotsboorslypwinkels of enige ander plek waar bore in 'n gebou skerpgemaak word;

(e) in enige kleedhuis waar persone wat risikowerk verrig, hul verklee;

(f) in essaiëringslaboratoriums, uitgesonderd in afsonderlik geventileerde dele daarvan waar slegs nat essaierings en geen behandeling van droë klip, rots, erts of minerale plaasvind nie;

(g) waar monsters van vergruisde erts in 'n droë toestand gegradeer word; en

(h) by enige rotsboorwerk.

# DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1154 8 June 1979

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

## DECLARATION OF THE SWEDISH CHURCH AT DUNDEE, NATAL

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Willem Adriaan Cruywagen, Minister of National Education, hereby declare the historic Swedish church building, together with five metres of surrounding land, at Dundee, Natal, to be a national monument.

*Description*

The historic Swedish church building, together with five metres of surrounding land and situated on certain portions of land being—

(a) Lot 1201, Dundee Township, situate in the Borough of Dundee and in the Dundee/Glencoe Regional Water Services Area, County of Klip River, Province of Natal, and measuring four thousand and forty-seven (4 047) square metres; and

# DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1154 8 Junie 1979

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

## VERKLARING VAN DIE SWEEDSE KERK TE DUNDEE, NATAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Willem Adriaan Cruywagen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese Sweedse kerkgebou, tesame met vyf meter grond daaromheen, te Dundee, Natal, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Sweedse kerkgebou tesame met vyf meter grond daaromheen en geleë op sekere gedeeltes grond, synde—

(a) Perseel 1201, Dundee-dorpsgebied, geleë in die munisipaliteit Dundee en in die Dundee/Glencoe-streekwaterdienstegebied, county Kliprivier, provinsie Natal, en groot vierduisend sewe-en-veertig (4 047) vierkante meter; en

(b) Lot 1202, Dundee Township, situate in the Borough of Dundee and in the Dundee/Glencoe Regional Water Services Area, County of Klip River, Province of Natal, and measuring four thousand and forty-seven (4 047) square metres.

Deed of Transfer 16679/1974, dated 25 September 1974 (paragraphs 6 and 7).

*Historical and architectural interest*

This church, which was designed by Rev. L. P. Norenius, was built under his supervision and was completed in 1898. The church is predominantly in the neo-Gothic style and has a particularly impressive clock tower. 10/2/664.

W. A. CRUYWAGEN, Minister of National Education.

---

No. 1155 8 June 1979

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PROPERTY WITH CLYDE HOUSE AND TWO ADJOINING BUILDINGS, AT 25 DONKIN STREET, BEAUFORT WEST

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Willem Adriaan Cruywagen, Minister of National Education, hereby declare the property with the building known as Clyde House thereon, together with the two adjoining buildings, situated at 25 Donkin Street, Beaufort West, to be a national monument.

*Description*

The property with the three historic buildings thereon, namely certain piece of land being Erf 515, Beaufort West, situate in the Municipality and Division of Beaufort West and measuring three hundred and eighty-seven (387) square metres.

Deed of Transfer 29665/1977, dated 21 November 1977.

*Historical and architectural interest*

These three buildings all possess predominantly Victorian characteristics and form a unique architectural complex in the historic core of Beaufort West. The double-storeyed house known as Clyde House is particularly noteworthy and was erected in about 1845 by Dr James Christie. 10/2/665.

W. A. CRUYWAGEN, Minister of National Education.

---

No. 1195 8 June 1979

BUREAU OF HERALDRY

HERALDRY ACT, 1962 (ACT 18 OF 1962)

NOTICE OF THE REGISTRATION OF A HERALDIC REPRESENTATION

The undermentioned heraldic representation has been registered with the Bureau of Heraldry, Private Bag X236, Pretoria, 0001, in terms of section 8A (5) of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962):

H4/3/1/1436.—Arms of the Burgher Right Primary School, published under Government Notice 145 of 2 February 1979.

(b) Perseel 1202, Dundee-dorpsgebied, geleë in die munisipaliteit Dundee en in die Dundee/Glencoe-streekwaterdienstegebied, county Kliprivier, provinsie Natal en groot vierduisend sewe-en-veertig (4 047) vierkante meter.

Transportakte 16679/1974, gedateer 25 September 1974 (paragrawe 6 en 7).

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie kerk is deur eerw. L. P. Norenius ontwerp en onder sy toesig opgerig en in 1898 voltooi. Die kerk is oorwegend in die neo-Gotiese styl en het veral 'n indrukwekkende kloktoring. 10/2/664.

W. A. CRUYWAGEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 1155 8 Junie 1979

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET CLYDE HOUSE EN TWEE AANGRENSENDE GEBOUE, TE DONKINSTRAAT 25, BEAUFORT-WES

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Willem Adriaan Cruywagen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die gebou bekend as Clyde House daarop, tesame met die twee geboue weerskante daarvan, geleë te Donkinstraat 25, Beaufort-Wes, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom met die drie historiese geboue daarop, te wete sekere stuk grond synde Erf 515, Beaufort-Wes, geleë in die munisipaliteit en afdeling Beaufort-Wes en groot driehonderd sewe-en-tagtig (387) vierkante meter.

Transportakte 29665/1977, gedateer 21 November 1977.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie drie geboue het almal oorwegend Victoriaanse kenmerke en vorm 'n unieke argitektoniese kompleks in die historiese kern van Beaufort-Wes. Veral die dubbelverdiepinghuis bekend as "Clyde House" is noemenswaardig en is in ongeveer 1845 deur dr. James Christie opgerig. 10/2/665.

W. A. CRUYWAGEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 1195 8 Junie 1979

BURO VIR HERALDIEK

HERALDIEKWET, 1962 (WET 18 VAN 1962)

KENNISGEWING DAT 'N REGISTRASIE VAN 'N HERALDIESE VOORSTELLING GEDOEN IS

Ondergemelde heraldiese voorstelling is ingevolge artikel 8A (5) van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), by die Buro vir Heraldiek, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, geregistreer:

H4/3/1/1436.—Die wapen van die Burgher Right Primary School, soos by Goewermentskennisgewing 145 van 2 Februarie 1979 gepubliseer.